**Gr. 10**

Totaal: 50

Tyd: 1 uur

Kwartaal 3: September-eksamen, vraestel 2, 2022 – Memorandum

## Vraag 1

1.1) Gegee: $f(x) = 2tanx - 1$ en $g(x) = -cosx + 1$

1.1.1) Skryf die periode van $f(x)$ neer. (1)

| |
|---|
| $180°$√ |


1.1.2) Skryf die amplitude van $g(x)$ neer. (1)

| |
|---|
| $1$√ |

1.1.3) Teken $f(x)$ en $g(x)$ op dieselfde assestelsel hier onder, indien $x \epsilon [0°;\ 360°]$. Toon duidelik alle afsnitte met die asse, draaipunte en asimptote. (6)

**√$g(x)$ – $x$-afsnitte; √$g(x)$ – *draaipunt*; √ $g(x)$ – *vorm***

**√$f(x)$ – *punte*; √$f(x)$ – *asimptote*; √ $f(x)$ – *vorm***




1.1.4) Bepaal die vergelyking van $h(x)$ indien $h(x)$ gevorm word deur $f(x)$ in die $x$-as te reflekteer en dan 2 eenhede af te skuif. (2)


| |
|---|
| $h(x) = -f(x) - 2$ |
| $h(x) = -(2tanx - 1) - 2$ |
| $h(x) = -2tanx$√$-1$√ |

**[10]**

## Vraag 2

**Die sketse in hierdie vraag is nie volgens skaal geteken nie.**

2.1) Beskou parallelogram ABCD en beantwoord die vrae wat volg:




2.1.1) Bereken die groottes van die binnehoeke van parallelogram ABCD. (7)

| |
|---|
| $x + y + 3x - y = 180°$ √ [bo-binne ∠e; AB//CD] √ |
| $4x = 180°$ |
| $x = 45°$ √ |
| $2y = 3x - y$ √ [teenoorstaande ∠e van parallelogram is =] √ |
| $3y = 3x$ |
| $y = 45°$ √ |
| $\hat{A} = 90°;\ \hat{B} = 90°; \hat{C} = 90°; \hat{D} = 90°$ √ |


2.1.2) Indien AD = 4,5 cm en $\frac{\text{AD}}{\text{DC}} = 1{,}5$, bereken die lengtes van AB, BC en DC. (3)

| |
|---|
| $\frac{4{,}5\ cm}{DC} = 1{,}5$ |
| $DC = 4{,}5 \div 1{,}5 = 3\ cm$ √ |
| AB = 3 $cm$ [$teenoorstaande\ sye\ van\ parallelogram\ is\ =$] √ |
| BC = 4,5 $cm$ [$teenoorstaande\ sye\ van\ parallelogram\ is\ =$] √ |

2.1.3) Vervolgens, watter tipe vierhoek is ABCD? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (2)

| |
|---|
| ABCD is 'n reghoek √ [ABCD is 'n parallelogram met binnehoeke van 90°] √ |

2.2)




Bewys dat ABCD 'n parallelogram is. (3)

| |
|---|
| $AF = FC$ [Omgekeerde-middelpunt-stelling] √ |
| $DF = FB$ [Omgekeerde-middelpunt-stelling] √ |
| $ABCD$ *is 'n parallelogram* [*hoeklyne halveer mekaar*] √ |

**[15]**


## Vraag 3

**Rond jou antwoorde in hierdie vraag tot twee desimale syfers af.**

3.1) Voltooi die volgende algemene formule om die totale buite-oppervlakte van enige prisma te bepaal:


TBO = 2 (oppervlakte van die basis√) + (omtrek van die basis) x loodregte hoogte√ (2)

3.2) Bepaal die onderstaande silinder se totale buite-oppervlakte $(in\ mm^2)$. (5)




| |
|---|
| $TBO = 2(\pi . r^2) + (2\pi r).H$√ |
| $TBO = 2(\pi(3,5)^2)$√$+(2\pi(3,5)) \times 15$√ |
| $TBO = 406,8362 \ldots\ cm^2$√ |
| $TBO = 40\ 683,62\ mm^2$√ |

3.3) Die onderstaande driehoekige prisma het 'n totale buite-oppervlakte van $654\ mm^2$.
Bereken die hoogte $(x)$ van die prisma. (4)





| |
|---|
| $TBO = 2\left(\frac{1}{2}.b.h\right) + (S + S + S).H$ √ |
| $654$ √ $= 2\left(\frac{1}{2}.10.12\right) + (13 + 13 + 10).x$ √ |
| $\frac{654 - 2\left(\frac{1}{2}.10.12\right)}{(13 + 13 + 10)} = x$ |
| $14{,}83mm = x$ √ |

3.4) 'n Kubus se afmetings word met 'n skaalfaktor van 4 vergroot. Wat sal die invloed hiervan op die kubus se totale buite-oppervlakte wees? (1)

| |
|---|
| TBO sal met 'n faktor van $4^2$/16 vergroot. √ |
| |

3.5) Beskou die onderstaande kegel en beantwoord die vrae wat volg:
**Totale buite oppervlakte =** $\boldsymbol{\pi r l + \pi r^2}$




3.5.1) Bereken die skuinshoogte $(l)$ van die bostaande kegel. (2)

| |
|---|
| $l^2 = 21^2 + 4^2\ [Pyth]$ √ |
| $l = 21{,}38\ cm$ √ |

3.5.2) Bereken die totale buite-oppervlakte van die kegel. (3)

| |
|---|
| $TBO = \pi rl + \pi r^2$ |
| $TBO = \pi(4)(21{,}38)$√$+\pi(4)^2$√ |
| $TBO = 318{,}93\ cm^2$√ |

**[17]**


## Vraag 4

4.1) Voltooi die volgende algemene formule om die volume van enige prisma te bepaal:

Volume = 2 (oppervlakte van die basis√) x loodregte hoogte√ (2)

4.2) Beskou die onderstaande watertenk en beantwoord die vrae wat volg:

**Volume van 'n sfeer = $\frac{4}{3}\pi r^3$**




4.2.1) Bereken die volume van die bostaande watertenk.
Rond jou antwoord af tot die naaste $cm^3$. (5)

| |
|---|
| $V = \pi r^2 H$√$+(\frac{4}{3}\pi r^3) \div 2$ |
| $V = \pi(7)^2.6$√+√$(\frac{4}{3}\pi(7)^3) \div 2$√ |
| $V = 1\ 642\ cm^3$√ |
| |

4.2.2) Bepaal die kapasiteit van die watertenk in $ml$. (1)

| |
|---|
| $1\ 642\ ml$√ |

**[8]**

**Totaal: [50]**